

# Dis maklik om met Boran-beeste te boer

'n Boer van Mpumalanga vertel Borane het verskeie goeie eienskappe, onder meer dat hulle ideaal is vir kruisteling.



**BO:** Vir mnr. Leon van Tonder is die Boran die ideale kruisras. Hier is 'n kruisraskoei saam met haar Boran-kruiskalf. FOTO: VERSKAF

**N**adat een van sy buurman se Boran-bulle by die koeie op sy plaas kom kuier het, kon mnr. Leon van Tonder (35) eerstehands sien watter goeie eienskappe die Boran-ras aan 'n kruisbees bied.

Leon boer kommersieel met Boran-kruisbeeste, maar is hoofsaaklik 'n saai-boer op sy plaas Remhoogte naby Davel in Mpumalanga. Hy het in 2005 met mielies en sojabone begin boer, maar het ook grootraamtype beeste op die plaas aangehou. Hy boer die afgelope drie jaar hoofsaaklik met Borane.

“Die Boran-bees het verskeie goeie eienskappe,” sê hy. “Een wat uitstaan, is sy basterkrag, want die ras kruisteel goed met ander Suid-Afrikaanse beersrasse.”

## AANPASBAARHEID

Leon se vleisbeesboerdery bestaan uit net meer as duisend beeste, waarvan 850 kruisras-aantelkoeie is. Hoewel die koeie verskillende rasse en kruisrasse verteenwoordig, is 80% grootraamtype koeie.

Leon pak die beeskomponent van sy boerdery op 'n eenvoudige wyse aan. Hy wil die beeste in die veld los en hom nie te veel oor hulle bekommer nie – die Boran-ras maak dit moontlik. Hy voer die speenkalwers tot slaggereed op 'n eenvoudige plaas-voerkraalwyse. Die rantsoen bestaan uit mieliemeel, kuilvoer, hooi en konsentraat. Die kalwers word eers op natuurlike veld vetgemaak en dan gaan hulle voerkraal toe vir afronding. Die Boran-kruisings kan binne 90 dae die A2-gradering bereik, waar van die ander beersrasse drie tot vier weke langer neem.

Nog 'n goeie eienskap is die Boran se aanpasbaarheid. Leon sê dié beersras kan van die Karoo tot in Limpopo en Mpumalanga by die omgewing aanpas.

“In Kenia, waar die ras oorspronklik vandaan kom, word die bees nie gepamperlang nie. Die beeste moet self klaarkom. Ek kan dus sê dat al die goeie eienskappe van die Boran deur die natuur geselekteer is. Ek het nie genoeg mieliereste om die hele winter te hou nie. Aan die einde van die winter moet die beeste op die gewone, droë veld kan regkom. En die Borane kry dit reg.”

## BOSLUISSIEKTES

Die Boran het sterk genetiese eienskappe, sê Leon. “Dit is dominant en in my kruisbeeste slaan die Boran se eienskappe sterk deur.”

Hoewel dié omgewing heelwat bosluise het, is dit vir die Boran met sy gladde haarleed en dik vel nie 'n groot probleem nie.

“Die beeste met langer hare kry meer bosluise. Die Boran bied goed weerstand teen bosluisgedraagde siektes. Ek spuit ook net die nodige middels teen spons-, lam-, en milt-siekte. Op speenouderdom word die kalwers teen beesvirusdiarree en brucellose ingeënt.”

Op 1 September jaag hy die bulle by die koeie in. Hulle loop dan tot 1 Mei die volgende jaar saam. Leon weet dit is 'n lang tydperk, maar vanweë 'n paar faktore is 'n korter dektyd nog nie vir hulle ideaal nie.

“Die ideale aantelkoei sal een keer per jaar 'n gesonde kalf lewer. Die vrugbaarheid van die Boran maak die tussenkalfperiode korter en ek hou baie daarvan.”

## TROPDIER

Diefstal is 'n groot probleem op die plaas wat tussen steenkoolmyne naby groot dorpe en 'n besige hoofweg geleë is. Veediefstal is oral 'n probleem, maar die Boran se kudde-instink maak dit 'n moeilike bees om te steel.

“Ander beeste wei die kamp vol, maar die

Borane bly naby aan mekaar in 'n trop. 'n Roofdier kan dus nie een bees of kalf afsonder nie en dieselfde geld diewe.”

Die bees se temperament speel hier ook 'n rol. Dit is 'n rustige dier en maklik om te hanteer, maar wanneer die beeste moet wild wees, sê Leon, is hulle wild.

“As daar 'n roofdier of 'n dief in die kamp kom, wil ek nie hê die beeste moet nuuskierig wees nie. Die beeste moet geraas maak en woelig wees. Dit moet moeilik wees om een van dié beeste te steel.”

## PLEK IN DIE TOEKOMS

Leon sê dit is makliker om met duisend Borane te boer as om met duisend grootraamtype beeste. Die bees se geneigdheid om vir homself in die veld te sorg, versterk dié siening.

“Die bees het 'n plek in die toekoms. Vir opkomende en bestaansboere sal dit baie makliker wees om met Borane te boer. Dit werk vir my op my plaas.” **LBW**

NAVRAE: Webwerf: [www.boran.org.za](http://www.boran.org.za); tel. 051 410 0951.



**BO:** Mnr. Leon van Tonder. FOTO: VERSKAF